CACHET APTEEK
Chemists PLUS apteke
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMER 9 5 AUGUSTUS 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

VERKIESINGSUITGAWE

# DORPSTUDENTE WORD VASGEVAT

deur Mauritz Moolman

**Die nuwe reëling van die stadsraad van Potchefstroom dat studente nie meer 'n huis mag huur, daar nie meer as ses huurders in 'n huis mag inwoon sonder 'n gesinshoof nie, is gemaak om die dorp se belastingbetalers te beskerm.**

Volgens die stadsingenieur mnr. Drikus Malan is klagtes ontvang dat studente wat huise huur rumoer, hul motors op sypaadjies parkeer en dat "onsedelikheid" by huise voorkom.

Daar is dus besluit om enigeen wat loseerders wil inneem te verplig om 'n lisensie uit te neem. Die lisensie sal baie min of niks kos nie sê hy.

Volgens die regulasie word "gesinshoof" vertolk as 'n getroude man.

Mnr. Malan het gesê dat geen klagtes vanuit amptelik kanale gekom het nie, hoewel die Stadsraad daarvan bewus is dat onsedelikheid by sommige van die huise voorkom. Dominees het in geleentheidsgesprekke daarvan gepraat. Dit word glo ook in hoë kringe in Potchefstroom genoem.

Mense wat etes teen betaling aan studente verskaf kan ook volgens die nuwe regulasie vasgevat word.

Mnr. J.A. Steenkamp van die koshuisadministrasie het gesê dat daar op 1 Junie vanjaar 3 243 studente in die Puk se koshuise was. Daar is plek vir 3 500 studente. Die Puk het 5 491 dagstudente.

Koshuise het, volgens die Rektor, prof Tjaart van der Walt, verlede jaar 'n bedryfsverlies van R127 000 getoon. Die Direkteur van Die Departement Ontwikkeling, mnr. Robbie Robinson het egter ontken dat die Puk enigiets met die reëling te doen het. Hy het gesê dat dit beslis nie 'n poging van die PUK is om die koshuise vol te kry nie.

Mnr. Malan het bevestig dat die Puk niks met die reëling te doene het nie. Die Stadsraad het ook nog nie met 'n amptelike ondersoek na die getalle en toestande waaronder dorpstudente huise huur, gedoen nie.

Daar is egter gevalle bekend waar tot 20 studente in een huis bly. Volgens mnr. Malan is dit egter nie die gedagte om studente summier uit die huise te sit nie, maar die regulasie gee die Stadsraad mag om op te tree waar daar klagtes ontvang word. Geen grootskaalse optrede word beplan nie.

Die nuwe regulasie raak glad nie woonstelle nie, sê mnr. Malan.

Volgens mnr. Malan doen mense wat kos aan studente teen R30 tot R40 per maand in sommige gevalle, verskaf, besigheid sonder regte. Dit sal 'n korttermynoplossing wees as die Raad nou intree en die gebruik stopsit. Die plan is egter om mense oor die lang termyn bewus van die onwettigheid te maak, sê mnr. Malan. Hy het erken dat sommige mense misbruik hiervan kan maak as hulle 'n aksie teen iemand het wat kos teen vergoeding aan studente verskaf.

Mnr. Steenkamp het gesê dat min studente in werklikheid bewus is van al die voordele wat die koshuise inhou. Dit is egter ook so dat koshuise ander probleme het soos onprivaatheid, onderlinge wrywing en skinderstories. Dit maak dat koshuise al meer ongewild raak.

Hy het daarop gewys dat studente se eiendom byvoorbeeld outomaties vir R500 verseker is teen brandskade. Koshuise hou ook akademiese voordele in.

Die Puk se koshuise was teen die begin van Julie, 90 per sent vol.

Intussen het die Senaat tydens 'n vergadering op 28 Julie bekend gemaak dat Dorp in drie wyke verdeel gaan word, elkeen met 'n eie huisvader en huiskomitee. Die dames vorm, volgens die besluit, 'n afsonderlike groep met 'n huispa en huiskomitee.

## VERKIESINGS-PROSEDURES



Piet Möller

Dit is weereens VERKIESINGSTYD op die kampus en 'n nuwe Sentrale Studenteraad moet aangewys word. Daarom wil ek 'n beroep doen op julle om te stem. Dit is elke Puk se plig, maar voorwaar ook 'n voorreg om deel te hê aan hierdie verkiesing. Onthou, al het jy slegs stemreg by EEN Raad, gepatroneerd onder die Sentrale Studenteraad, dan het jy stemreg by al die rade. Maak dus gebruik van jul reg en kom stem. As jy onsekerheid het in verband met jou reg om te mag stem kom sien my by die SSR kantoor tussen 13h30 en 14h30.

Die stembusse open in die Totiussaal op Dinsdag 9/8/77 om 08h00 en sluit om 19h00.

Vir die ONDERWYSSTUDENTE wat gaan proef sal daar 'n spesiale geleentheid wees om te stem in die Totiussaal op Vrydag 5/8/77 vanaf 08h00 tot 11h00 te stem. Hierdie stembriefies sal geseël word en saam met die stembriefies van die groot verkiesing getel word.

Met die telling van die stemme word 'n kwota bereken volgens die volgende formule.

$$\text{Kwota} = \frac{\text{Aantal geldige stembriefies}}{\text{Aantal vakatures} + 1} \times \frac{\text{Aantal vaktures} + 1}{1}$$

Die twee kandidate wat eerste kwota bereil, uit elke raad, verkry die posisie as studenteraadslid.

Lees asb. die reëls op die stembriefie met die name van die kandidate daarop baie noukeurig voor jy stem, anders mag jou stem ongeldig wees. Hier is 'n voorbeeld.

Daar is twee (2) kandidate uit die koshuisraad wat vir die Sentrale Studenteraad verkies moet word. Daar staan egter ses (6) kandidate vir die Koshuisraad.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jan Gerber | 3 | Johan Hansen | 6 |
| Pieter naude | 4 | Gert Combrink | 5 |
| Martie Potgieter | 1 | Hettie Grové | 2 |

Nommer die eerste twee (2) kandidate van jou keuse met 'n een (1) en die res volgens keuse van 2 tot 5. Moet asseblief geensins KRUISIES gebruik op jou stembriefie.

Pukke, onthou om identiteitsbewyse saam te bring na die stembusse.

Ruk op na die stembusse en kom wys julle eie Sentrale Studenteraad aan.

Groete

**Pieter Möller**
**Hoofverkiesingsbeampte**

## ONS MAAK 'N REGSTELLING

**Die Wapad het 'n skrywe van prof. J.D. van der Vyver ontvang waarin hy beswaar aanteken oor die voorbladartikel van 24 Junie 1977 wat onder die opskrif "Afsonderlike Ontwikkeling het Misluk" verskyn het.**

Prof. van der Vyver het die volgende onder Die Wapad se aandag gebring:

1. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is in hoofsaak ontwerp om die politieke selfbeskikkingsreg van alle bevolkingsgroepe – en in besonder van die blanke bevolkingsgroep – te beveilig. Vir sover dit die blanke bevolkingsgroep betref, het die beleid in daardie doel misluk, want selfs al sou die beleid volledig geïmplementeer word, sal die blankes nog "sy" grondgebied moet deel met Kleurlinge, Indiërs en verstedelikte Swartes en sal die blankes trouens 'n minderheid in daardie gebied wees. Daar moet dus 'n alternatiewe beleid gevind word wat in die plek vàn, of aanvullend bý, afsonderlike ontwikkeling toegepas kan word om die blanke se politieke selfbeskikkingsreg te beveilig.

2. Die Nasionale Party kon nog nie met so 'n alternatiewe beleid voor die dag kom nie en alles dui daarop dat die Party, tot op kabinetsvlak, verdeeld is oor die aangewese oplossing van die probleem.

3. Die ASB het, ten regte of ten onregte, die reputasie verwerf van "His Master's Voice". Wat die probleem aangaande die Blanke se politieke selfbeskikking betref, kan die ASB dit nie op sy komende (tans afgelope) kongres wees nie omdat die Nasionale Party nog nie 'n beleid oor die aangeleentheid geformuleer het wat nagepraat kan word nie. Die ASB kan daaroor vir die regering in die land 'n groot diens bewys deur met eie denke 'n oplossing vir die bedoelde probleem te help vind.

Die Wapad maak hiermee amptelik verskoning vir die foutiewe en verkeerd vertolkte beriggewing. Dit was geensins Die Wapad se doel om prof. van der Vyver in 'n verleentheid te plaas nie.

Vir die eerste tien studente
FM MOTOR RADIOS

6 MAANDE WAARBORG
R39.95
Gratis luidspreker
Gratis lugdraad
Gratis installering
ALLI'S
DISKONTOHUIS
TEL. 3810, WINKEL 29, INDIËR SENTRUM
POTCHEFSTROOM



Weens 'n klein tegniese foutjie is die verkeerde besonderhede verstrek i.m.v hierdie jaar se kandidate vir S.R. voorsitter soos wat dit elders in „Die Wapad" verskyn- ons bied u nou graag die korrekte besonderhede

**THEUNS ELOFF**

1975: SKRYF IN VIR GRAAD BA. IDIOTIKA I AAN UNIVERSITEIT VAN KAMPALA
1976: VERTROUELING EN PERSOONLIKE RAADGEWER VAN PRES. AMIN
1977: ???!

BELEIDSVERKLARING: EK BEYWER MY VIR DIE VOORTBESTAAN VAN DIE M.P.L.A., SWAPO, DIE K.G.B. EN ANDER LIEFDADIGHEIDS ORGANISASIES EN BELOOF OM TE VERBETER OP DIT WAT DEUR DIE HUIDIGE S.R. VOORSITTER GEDOEN IS.




**CORRIE KRAAMWINKEL**

1975: ONTSNAP UIT SENTRALE GEVANGENIS
1976: STIGTERSLID VAN DIE „BLACK SEPTEMBER"
1977: PENNINGMEESTER VAN DIE TONNELROOF TE KRUGERSDORP

BELEIDSVERKLARING - [redacted] #!##!! (GESENSOR)


# PRO-REGE

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 - - Potchefstroom**

**Tel. 8875**


## *UIT DIE WOORD*

*Hebreërs 13:17*

*Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.*


*Nog 'n gespesialiseerde diens van die Standard:*

# STUDENTPLAN. DIE ALOMVATTENDE FINANSIËLE PLAN VIR STUDENTE.




*Nou kry u meer van ons as ooit tevore.*

Studentelenings. U kan tot R1 500 per jaar of meer kry, afhangende van u behoeftes, vir die duur van u studies. En u betaal net 5,5% rente op daardie lening. Dis net 'n student wat teen sulke lae rente kan leen!

Tjekrekenings vir studente. Teen die laagste moontlike koste kan u self 'n tjekboek hê vir die grootste koopgerief ter wêreld.

Studenteversekering. Ons kan reël om u teen enigiets onder die son te verseker.

Studentespaarrekenings. U kan 'n studentespaarrekening met so min as 50 sent open en rente op u geld verdien.

Die dag wanneer u by die naaste Standard Bank-tak instap met bewyse dat u by 'n universiteit (of enige erkende inrigting vir hoër onderwys) ingeskryf is, kwalifiseer u dadelik vir 'n hele reeks dienste teen rentekoerse en voorwaardes wat nie-studente se monde laat water.

Die Standard se Studentplan voorsien in al u behoeftes as student. Stap in by enigeen van ons takke en kry 'n brosjure. Of gesels met een van ons Studentesakebestuurders wat die hele plan aan u sal verduidelik. Dit maak nie saak of u net sommige of al die dienste wil hê nie, u sal met 'n gevoel van groot verligting daar uitstap.

U is goed toegerus – by die Standard.




**Standard Bank**
Op die Standard kan u staatmaak.
Want die Standard maak staat op u.


## OP DIE WA-AS

*MAURITZ MOOLMAN*

Die kampus is netjies. Nie pynlik nie maar ook nie so grusaam soos die dorp op 'n Saterdag, óf 'n Maandag óf . . .

Dis pynlik dat die Sentrale Studenteraad 'n anti-morsjorsveldtog van stapel MOET stuur. Paramilitêr kom die bevel van die Senaat terwyl ons net aan die Weermag grens.

Die Studenteraad sal nie kwalik geneem word as hulle weier nie want die demokratiese sensitiwiteit van "word versoek" ontbreek.

Dan is daar op dees aarde geen rede waarom die SSR 'n redelike versoek sal weier nie, en anti-morsjorsveldtogte is altyd redelik.

'n Simptoom van die gesagskrisis?

'n Geagte raadslid van die Potchefstroomse Stadsraad het net na die vergadering op 30 Junie byna sy rieme styfgeloop in 'n Kerkstraatse gatsometer, vertel Gottlieb Bocceroli my.

As dit nie was vir die bedagsaamheid van sy eie "speedies" nie. Hoe schnell moes die omie gery het kon my vriend nie sê nie.

Vinnig genoeg in elk geval om een van die twee wagtende beamptes sonder 'n tweede gedagte aan sy eie lewe voor die motor te laat inspring en die voortsnellende voertuig met sy bestuurder in beheer af te trek.

"Ek was so vyf treë van hulle toe die omie in sy kar klim en verder ry," vertel Gottlieb.

"En toe?" wou ek weet.

"Aha," sê ek vir die beamptes, "maar hy is vanaand gelukkig hê?" vertel Göttlieb met 'n glinstering in die skerp oog. (Hy is bietjie blind in die ander).

"Wat sê hulle toe?"

"Al wat ek kon aflei is dat hulle lank saam werk want hulle het soos 'n afgerigte Puk-koor gesê "Goeienaand meneer."

Miskien moet ons studente maar versigtig wees as ons in Kerkstraat of deur die dorp ry. Daar is twee stelle reëls – vir die wat het en die wat nie het nie. Of swot om deur te kom sodat ons Raadslede van 'n dorpsraad kan word. Dis lonend.

Dit laat my dink: werknemers- en beroepsvoordele word ook mos nou belas. Sluit dit hierdie voordele in? "Die parkeer van motorvoertuie op sypaadjies wat dit gevaarlik maak vir kinders om in daardie omgewing te beweeg, is ook meer die reël as die uitsondering." Sê die dorpskrant.

Die grootste gevaar vir 'n kind op die Bult is blykbaar die moontlikheid om in 'n geparkeerde motor op die sypaadjie vas te loop.

Om ons motors weg te wens deur parkering te belet, op sypaadjies in agterplase, is verspot.

Miskien kan Potchefstroom se petrolgeriewe aan studente geweier word. Ons kan altyd in Parys gaan volmaak.

Maar die storie kom van die interessante poging om 5 491 dagstudente in koshuise te stop terwyl daar net plek vir 3 500 is. En ons hou ons geheel-en-al-plaaslike dorpskoerant geamuseerd dop vir verdere verwikkelinge.

Die S.S.R. se plakkaat lees:

TYD VIR 'N NUWE S.S.R. – die "understatement" van die jaar?"

die WAPAD

## 'n Taak vir U

**DIE behoefte aan leierskap het vandag groter as ooit geword. Elke aspek van die lewe eis dit.**

**Leierskap beteken nie dominansie nie. Dit beteken eerder openheid en nederigheid.**

**Die leier moet sekere hoë eise aan homself stel. Afhanklikheid is 'n kwaliteit van 'n leier. Hy kom alle beloftes na. Deurdat hy afhanklik is, beteken dit dat hy verantwoordelikheid dra. Die leier sal raad van sy mense ontvang, maar sal handel op wat hy reken die beste is. Beginselvastheid is belangrik.**

**Leierskap eis dapperheid. Met vertroue in homself sal hy die moed hê om verantwoordbaar sy geleenthede te benut.**

**Die leier moet ook inisiatief hê. Hy moet standvastig in besluite wees. Die leier moet ook die karaktervastigheid hê sodat ander hom of haar kan volg. Vertroue in jou medemens moet nie uitgesluit word nie.**

**Miskien die belangrikste is dat die leier lojaal teenoor sy mense en instansie moet wees.**

**Meer eienskappe kan seker genoem word, maar aan u, ons lesers versoek ons u, toets u kandidate aan die bogenoemde. Die mense wie u gaan kies, gaan ons nuwe leiers wees. U sal hulle moet dien en hulle vir u.**

## EN 'N REGULASIE

**Die Stadsraad het 'n nuwe regulasie ingestel waarvolgens Dorpstudente deeglik vasgevat kan word, so ook mense wat in 'n noodsaaklike, hoewel onwettige, diens voorsien.**

**Dat die Stadsraad met 'n netelige probleem sit kan ons insien maar dit sal beslis nie deur ordinansies en regulasies sommerso reggestel kan word nie.**

**Potchefstroom het 'n tekort aan parkeerplek en 'n groter tekort aan losies aangesien meer as 1 800 studente nie plek in die koshuise kan kry nie.**

**Om die koshuise vol te hou is 'n probleem op sy eie, maar ons wil die Stadsraad versoek om selfbeheersing aan die dag te lê wanneer hulle teen studente en kosverskaffers moet optree. Vir dieselfde prys moet dorpstudente sorg dat hulle nie aanleiding tot klagtes gee nie.**


# *Ons waarborg die laagste pryse*



PRYSE VANAF

# R589.00

**TELADY**

**HYPERSTORE Tel. 5851**
**Gouwsstraat 7 Potchefstroom**

# S.S.R.-VERKIESINGSKANDIDATE

## Voorsitter



T. Eloff (Theuns)

CURRICULUM VITAE

**1972: Inskrywing vir B.Jur. 1, o/20 Rugby, Lid van Thalia Toneelvereniging**
**1973: o/20 Rugby, Lid van Thalia Toneelvereniging**
**1974: Voorsitter van Thalia Toneelvereniging, Ondervoorsitter Florna, A.B.K.K. - Hoofbestuur, Sekretaris Dorpstudentevereniging, Voltooi B. Juris.**
**1975: Penningmeester van Sentrale Studenteraad, Kaptein o/20 A Rugby, Skryf in vir Th.B-studie.**
**1976: Ondervoorsitter van Sentrale Studenteraad, Voorsitter Florna, Onderkaptein eerstespan Rugby, Besembosredaksie, Administratiewe Raad, Kultuurraad, Sameroeper van Advertensiekomitee, Lid van P.U.-afvaardiging na ASB-kongres.**
**1977: Voorsitter van Sentrale Studenteraad, Leier van afvaardiging na ASB-kongres, Addisionele lid op ASB-Dagbestuur, Besembosredakteur, Eerstespan Rugby.**

BELEIDSVERKLARING

Net soos die PU vir CHO as Christelike Universiteit 'n unieke karakter het, het ook die studentelewe en organisasies so 'n karakter. Die Sentrale Studenteraad het binne hierdie opset 'n belangrike plek as koördineerder en leidinggewer in die algemeen. Dit staan dus vas dat die voorsitter van hierdie studenteraad 'n omvangryke en verantwoordelike taak het. Teen hierdie agtergrond stel ek my verkiesbaar vir hierdie pos, terwyl ek die voorreg en groot verantwoordelikheid van so 'n nominasie deeglik besef.

Strukture word geskep om deur mense gebruik te word en daardeur diens te lewer aan die mense binne die strukture. 'n Struktuur is nooit 'n doel opsigself nie, maar altyd 'n middel tot 'n doel. Dit is ook die geval met die huidige struktuur van die studentelewe, en spesifiek dié van die Sentrale Studenteraad. Die studente wie se belange behartig word, het die reg om die hele Studenteraad wat daardie belange moet behartig, te verkies. Dit is hierdie faset van demokrasie wat tot die vorige struktuurverandering in 1974 gelei het. (Voorheen kon slegs 'n sekere belangegroep hul twee kandidate daarstel). Sonder om die struktuur te verhef tot onfeilbaar, is dit my oortuiging dat hierdie struktuur die studentemassa van die PU vir CHO en hul belange die beste dien. Tog stel ek my oop vir enige sinvolle en funksionele verandering.

Dit is die plig van 'n SSR-voorsitter om op veral drie terreine te arbei:

1. Die breë Suid-Afrikaanse studentelewe, waarvan die studentepolitiek en landwye studentevoordele belangrike fasette is.
2. Die breë universiteitsterrein met sy administratiewe, akademiese en gesagsfasette, waaronder veral skakeling en die behartiging van studentebelange binne hierdie fasette.
3. Die terrein van "interne" studentetaadsperk. Spesifiek die koördinering van en hulp aan die portefeuljes en komitees van die SSR.

Wat die eerste terrein betref, is dit my standpunt dat die studente van die PU vir CHO as lede van 'n christelike Universiteit 'n altyd groterwordende taak binne die A.S.B., asook binne die breë Suid-Afrikaanse studente-opset het. Die huidige studentevoordeleriging wat die A.S.B. inslaan, behoort vinniger en groter momentum te verkry, sonder dat die primêr kulturele asook die politiese skim van die A.S.B. agterweë mag bly. As Christen-Afrikaner kan en moet ek my as student oor lands- en lewensvraagstukke uitlaat. Hierin is die Woord van God die enigste rigsnoer.

As kandidaat stel ek my op die breë Universiteitsterrein tot die beskikking van alle studente, vir hul probleme en klagtes. Hierin sal skakeling met die ampsdraers van die Universiteit, administratief sowel as akademies 'n belangrike rol speel. Soos in die afgelope termyn uit die verbetering van die kafeteria (deur studenteraads inisiatief), die instel van 'n trustfonds vir studentevoordele, koshuisbesoeke en verwante sake geblyk het, sal steeds groot aandag aan algemene studentebelange gegee word.

Hiermee saam hang die interne werksaamhede van die SSR. Die verskillende portefeuljes mag nooit staties wees nie, maar moet altyd in die diens van die studentegemeenskap en studentebelange staan. So is "n nuwe portefeulje "studentediens" 'n voorbeeld van sinvolle vernuwing. Nog beter skakeling tussen die massa en Studenteraad d.m.v. die Wapad (wat in die afgelope termyn vir die eerste keer nie aan SSR-sensuur onderhewig was nie) en koshuisbesoeke, bly 'n belangrike oogmerk.

Ander sake wat aandag verdien d.m.v. portefeuljes óf onderliggame, is groter politiese betrokkenheid by studente, die immerproblematiese ontspanning en leiding oor finansiële bestedings in 'n tyd waarin geld skaarser as die spreekwoordelike hoendertande is.

Ten slotte: in 'n Studenteraadswerkstempo bly diens die sleutelwoord. Eerstens diens aan God en daardeur aan die studente wie se belange behartig en gekoördineer word. Hiermee stel ek my van harte beskikbaar.



J.C. Kraamwinkel (Corrie)
B. Juris U.D.K.
*Jaar van inskrywing: 1973.*

CURRICULUM VITAE:

**1973: A.S.B.-Kongres waarnemer, J.V. Salem Bestuur, Reklamekomitee, Wapad-redaksie.**
**1974: A.S.B.-Kongres waarnemer, A.D.B. Hoofbestuur, J.V. Salem Bestuur, J.V. Afdelingsbestuur, Karnavalkomitee, K.V.V. Studiekring, Reklamekomitee Voorsitter.**
**1975: A.D.B. Hoofbestuur, A.D.B. Dagbestuur, Reklamekomitee Voorsitter, S.R.V.P. Bestuur.**
**1976: A.S.B.-Kongres afgevaardigde Akademiese Raad Dagbestuur, Huiskomitee Over de Voor, S.R.V.P. Bestuur, Sentrale Studenteraad.**
**1977: Akademiese Raad Dagbestuur, Huiskomitee Over de Voor, Studenteparlement, Sentrale Studenteraad (tot 23/2/77).**

BELEIDSVERKLARING

Weens my ondervinding as S.S.R. lid, huiskomiteelid in 'n koshuis en student, voel ek dat daar sekere **leemtes** in ons georganiseerde studentelewe is, wat onder die volgende hoofde verdeel kan word.

Die verhouding S.S.R.-student.
Die verhouding S.S.R.-owerheid.

**1. Die verhouding S.S.R.-student**

Die afgelope ruk het die bevoegdheid van die S.S.R. as gesagsorgaan, en die mate waarin die S.S.R. die belange van die studente behartig, sterk onder die soeklig gekom. In die verband kom veral ter sprake, die kontak tussen die S.S.R. en die studente en spesifiek die mate van terugkoppeling wat daar bestaan.

Reeds op die S.S.R. HK-kamp is daar gevoel dat daar by die massa nie baie belangstelling ten opsigte van S.S.R. vergaderings bestaan nie. Notules bereik die koshuise, maar nie die studente nie. Hoewel die S.S.R. vergaderings oop is vir besoekers daag daar bittermin mense op. Spesifieke uitnodigings aan koshuise om S.S.R. vergaderings by te woon werp ook nie veel vrugte af nie. Die massa verkeer dus in die duister oor S.S.R. besluite en werksaamhede.

Dieselfde oningeligtheid bestaan ook ten opsigte van die rade se werksaamhede. Die verenigingslewe kry ook nie meer groot aftrek nie. Daar is dus 'n steeds stygende onbetrokkenheid onder die student te bespeur.

Die probleem van oningeligtheid en onbetrokkenheid by die studente kan in 'n groot mate toegeskryf word aan 'n uitgediende struktuur wat in ons studentelewe bestaan. Die massa se belange kom onder die struktuur nie na vore nie en daar is nie behoorlike terugkoppeling van studenteleier na student nie. Onder die huidige bedeling word die belange van die massa nie op die mees effektiefste wyse behartig nie en sodoende kan die hele PUK nie tot een groot gekoördineerde en dinamiese geheel saam gesnoer word nie.

Dit het tyd geword dat die S.S.R. en die studente een groep vorm. Die S.S.R. lede moet die studente se belange op die doeltreffendste wyse behartig deur saam met die studente te werk en nie as eksklusiewe groepie vir die studente te werk nie.

**2. Die verhouding S.S.R. owerheid**

Kortom kan gevra word in hoe mate is ons as studente 'n eenheidsgroep wat gekoördineerd en verteenwoordigend met die owerheid kan saamwerk.

Word daar gekyk na die probleme wat ondervind word met die ongevraagde toetse gedurende naweke, kos in die eetsale, terreine en geboue en die legio kanale waardeur met die owerheid geskakel kan word, dan kom ons tot die gevolgtrekking dat die skakeling tussen die owerheid en die studente nie glad genoeg is nie.

Het dit nie dalk tyd geword dat ons 'n stelsel daar moet stel, waarin die werklike belange behartigende studenteleiers met die owerheid kan skakel nie?

**3. Alternatiewe struktuur vir ons studentelewe**

Daar moet dus 'n struktuur gevind word waarin die verskillende belangegroepe beter op die S.S.R. verteenwoordig word. Ons moet studenteleiers kry wat makliker deur hul kiesers bereikbaar is, leiers wat die behoeftes van hul mense ken en leiers wat direk moet terug rapporteer.

Gevolglik doen ek die volgende nuwe struktuur aan die hand.

Die S.S.R. bestaan uit:
1.1 Die Voorsitter.
1.2 Die Onder-Voorsitter.

Beide die persone word deur die massa verkies.
2.1 Die penningmeester wat deur die S.S.R. aangewys word.
2.2 Die sekretaris wat deur die reeds gekose S.S.R. lede uit eie geledere aangewys word.
2.3 Die addisionele lid wat op dieselfde wyse as die sekretaris aangewys word.
3. Een verteenwoordiger uit elke raad.
4. Die primarie en primariae van elke koshuis.

**4. Die funksionering van die nuwe struktuur**

Met die basies elementêre stelsel voel ek dat die leemtes wat ek reeds genoem het soos volg ondervang kan word

**'n Nuwe verhouding tussen die S.S.R. en die studente**

Die S.S.R. lid is 'n direkte verteenwoordiger van sy belangegroep wat of 'n koshuis of 'n raad kan wees. Hy moet hulle belange behartig en is verantwoording aan hulle verskuldig. Sodoende kan beter terugkoppeling plaasvind, 'n aspek van die huidige stelsel wat 'n besliste leemte is.

Die S.S.R. lede se portefeuljes is hulle koshuise of rade. Die huidige portefeuljes kan met enkele uitsonderings van, in 'n groot mate onder die rade verdeel word as aktiewe komitees. In die verband kan veral die arme Administratiewe Raad genoem word. Soms oorvleuel baie S.S.R. portefeuljes en komitees van die Administratiewe Raad met die gevolg dat laasgenoemde 'n sukkel bestaan voer omdat sy werk weggeneem word. Deur die betrokke portefeuljes aan die betrokke raad op te dra sal die raad lewenskragtiger kan wees.

Die koshuise het elk 'n direkte mondstuk op die S.S.R. Onnodige kanale word uitgeskakel. Onduidelikhede en vaaghede van te veel kanale, word uitgeskakel. Die sogenaamde "blokstem" gedurende S.S.R. verkiesings word in 'n groot mate uitgeskakel. Elke koshuis het nou die "luuksheid" van 'n S.S.R. lid.

Die huiskomitees "as onder komitees" van die S.S.R. sal nou ook meer moet spesialiseer. Hulle vorm as 'n ware saam met die rade die direkte uitvoerende mag van die S.S.R.

Die ou strydpunt van 'n dame op die S.S.R. wat dan die dames se belange met die regte behendigheid kan hanteer, word vervang met dames op die S.S.R.

Die S.S.R. lede is dus mense uit die studente maar ook saam met die studente wat hulle mense makliker bereik en hulle behoeftes ken. Terugkoppeling of te wel verslaggewing is dus nie 'n probleem nie.

**2. 'n Beter verhouding tussen S.S.R. en owerheid**

Deur middel van die gebalanseerde verteenwoordiging en direkte kanaal tussen studente en S.S.R. kan die massa beter bereik word en beter saamgesnoer word. Die studente belange sal duideliker op die voorgrond tree en wanneer daar met die owerheid geskakel word sal laasgenoemde besef dat hulle met leiers te doen het wat moet rapporteer aan sy belangegroep bv. prims op koshuisvergaderings.

**5. Die A.S.B.**

As student van 'n A.S.B. geaffilieerde kampus onderskryf ek die grondslag en doel van die A.S.B.

**6. Eksterne Skakeling**

Uit my voorgestelde struktuursverandering blyk dit duidelik dat ek 'n hoë prys plaas op onderlinge kontak tussen ons eie studente. Skakeling met ander universiteite kan alleen tot voordeel strek en help om ons karakter uit te bou.

**7. Samevattend**

Die massa se belange moet deur die S.S.R. behartig word, maar dan moet die S.S.R. lede 'n verteenwoordigende groep wees wat te alle tye op hoogte en in voeling is met hulle kiesers. Die huidige stelsel is in 'n groot mate eensydig wat belange behartiging aanbetref. Ek is vas oortuig dat alleen die voorgestelde struktuur die studentelewe sistematies en gekoördineerd sal indeel sodat almal en alle belange aandag kan geniet. Met so 'n sterk interne struktuur kan ons met vrymoedigheid na buite skakel.

## O/Voorsitter



D.G. Breed (Douw)
B.A. III

CURRICULUM VITAE

**1975: Caput Eerstespan Rugby.**
**1976: Verteenwoordiger: Politiese Raad, Caput Rugbybestuur.**
**1977: S.S.R. Lid, Politiese Raad Ondervoorsitter, Studenteparlement Voorsitter, A.S.B. Kongres afgevaardigde, Caput Rugbybestuur en mede-afrigter.**

BELEIDSVERKLARING:

Die struktuur van die studentelewe het onlangs verander maar alhoewel dit 'n positiewe verandering was, voel ek tog dat die verandering nie tot sy volle konsekwensies deurgevoer word nie. Rade wat volwaardige substudenterade moes wees kan nog nie as sodanig funksioneer nie. Die S.S.R. neem baie van die Rade se werk uit hulle hande en veroorsaak sodoende onmondigheid. As die S.S.R. meer vertroue stel in Rade sal dit ook volg dat studente meer vertroue daarin sal hê en derhalwe meer die aksies van die Rade sal bywoon. Beter koördinering tussen Rade sal ook vir 'n meer vaartbelynde struktuur sorg.

Oriëntering het op die Puk 'n eie karakter verkry. Omdat oriëntering baie bydra tot die vorming van 'n eerstejaar stel ek my ten doel om die welslae wat reeds bereik is voort te bou maar ook daar waar probleme ondervind word verbetering aan te bring.

Studente het volle belang in dit wat die S.S.R. besluit en doen, en daarom is dit ook belangrik dat besluite en standpuntinnames aan studente beter bekend gemaak word.

Ek stel my ten doel vir beter skakeling met die Raad en Senaat van die Universiteit. Waar die skakeling met bg. hierdie afgelope jaar baie verbeter het voel ek dat ons daarop moet voortbou.

Dit sal vir studente al hoe meer nodig word om standpunt in te neem op politiese vlak. Daarom sal opleiding op hierdie vlak die komende termyn hoë prioriteit geniet.

Ek ondersteun die A.S.B. en ek sal poog om in die komende termyn studente meer in te lig i.v.m. hierdie organisasie.

Ek glo dat God hierdie wêreld en ook in besonder hierdie Universiteit bestuur en dit is dus met volle vertroue dat ons as studente die toekoms tegemoet kan gaan.



T.C. Schwellnus (Christo/Zoks)
1976 B.Comm (Regte) 1977 L.L.B.
Jaar van inskrywing : 1973

CURRICULUM VITAE

**1973: A.S.B. Kongres - Waarnemer, P.G.D. Rugby, Dorp-Krieket.**
**1974: A.B.K.K. - Algemene Organiseerder, Werkverskaffingskomitee - Ondervoorsitter, Potchefstroomse Nasionale Jeugbondbestuur, A.S.B. Kongres - Waarnemer, Dorpstudentebestuur - Penningmeester, P.G.D. Rugby.**
**1975: A.B.K.K. - Penningmeester, Dorpstudentebestuur - Penningmeester, P.N.B. - Koshuisverteenwoordiger, Potchefstroomse Nasionale Jeugbondbestuur, Thalia Toneelvereniging - Toerlid.**
**1976: Kultuurraad - Penningmeester, Politiese Raad - Publikasies, Koshuisraad, Primarius Dorpstudente, Potchefstroomse Nasionale Jeugbondvoorsitter, Wapadredaksie, Advertensiekomitee, A.S.B. Kongres - Afgevaardigde.**
**1977: S.S.R. lid - Portefeulje Ontspanning, Kultuurraad - Voorsitter, Administrasieraad - Interim Bestuurskomitee, S.R.V.P. (Regsvereniging) - Ondervoorsitter, Florna - Penningmeester, Ontspanningskomitee - Konvenor, Intervarsitykomitee, Potchefstroomse Afrikaanse Kultuurraad - Bestuurslid, A.S.B. Kongres - Afgevaardigde.**

BELEIDSVERKLARING:

Ek aanvaar en steun heelhartig die Christelik georiënteerde wetenskapsbeoefening van ons Universiteit en glo dat die prinsipiële grondslae wat daarmee saamgaan op alle terreine van die studentelewe konsekwent moet deurwerk.

Die diensleweringsaspek van die Sentrale Studenteraad aan die studentemassa geniet dan ook 'n baie hoë prioriteit. Dit kan egter slegs funksioneel geskied indien daar sinvolle kontak tussen die studentemassa en die studenteraad enersyds, en andersyds tussen studenteraad en owerheid is.

'n Saak wat baie dringend aandag moet geniet is dan ook die steeds vergrotende gaping tussen Studenteraad en Huiskomitees as die instansie wat direk kontak met die studentemassa het. Voortspruitend hieruit is dan ook die skynbare konflik tussen 'n gesonde koshuisgees met 'n Pukgees. Dit is my oortuiging dat die twee aspekte mekaar nie teëwerk nie, maar aanvullend saam kan bestaan.

Oriëntering bly steeds die basis vir 'n gesonde Universiteits- en koshuislewe. Op die patroon van die verlede is dit nodig dat daar dan ook aanpassings t.o.v. die eise van die huidige tyd gemaak moet word. Om die unieke karakter en tradisie van ons Universiteit te behou behoort meer aandag aan kontak tussen senior en eerstejaar onderling gegee te word.

Sonder om noodwendig direkte akademiese inspraak te bepleit, behoort die kontak tussen student en die akademiese instansies steeds meer vaartbelynd gemaak te word. Wedersydse kennis en bewustheid van akademiese knelpunte ruim baie akademiese frustrasies uit die weg.

Op studentpolitiese vlak is ek 'n voorstander van dialoog. As leiers van môre is tweespraak met verwante studente-organisasies 'n vereiste. Die

A.S.B. word steeds gereken as organisasie waar ek as Christen-Afrikaner my tuisvoel. Onrealistiese verknogdheid aan voorkeure van die verlede is egter as sulks geen vereiste meer nie, maar 'n analitiese-kritiese denkpatroon t.o.v. die realiteite van vandag word voorop gestel.

word in ons studentelewe. Mens kan die volgende voorbeelde noem:

Die skeefgetrekte gesagsverhoudings wat dikwels tussen dosent en student, senior en eerstejaar ter sprake kom. Die gebrek aan tug in die studentelewe. Intervarsity en Karnavl het by 'n aktiewe minderheid studente al die karakter van 'n orgie begin aanneem. Die oppervlakkige deelname aan debatte oor politieke en lewens- en wêreldbeskoulike sake.

# Korpsraad



**D.J. de Kock (Danie)**
**1976: Behaal B.A.-graad.**
**1977: Toelatingsvakke vir Teologie.**
**Jaar van Inskrywing: 1974.**

CURRICULUM VITAE:

**1975: Add. lid K.V.V. Byeenkomstekomitee, Voorsitter J.V. Filadelfia.**
**1976: Hombré Huiskomitee, K.V.V. Forum (Voorsitter), K.V.V. Uitvoerende Komitee, K.V.V. Vaandeldraer, Voorsitter J.V. Afdeling Cachet.**
**1977: Primarius Hombré, Onder-Voorsitter Korpsraad, Organiseerder Opleiding op op Bondsbestuur van Hoëveldse Bond van J.V.'s.**

BELEIDSVERKLARING:

Die oogmerk van enige studenteraadslid moet primêr wees om die belange van die studentemassa wat hy verteenwoordig te behartig. Die Koshuisraad het die afgelope twee termyne 'n belangrike skakel tussen die studentemassa onderling en die studente en S.S.R. geword. In die lig hiervan sal ek my beywer om hierop voort te bou en na die belange van al die koshuise, ongeag watter koshuis, om te sien. Ek sal my beywer vir 'n eenheidsgees van die PUK-massa deur sinvolle koördinering van studenteaangeleenthede. As Christen en Afrikaner onderskryf ek die grondslag van ons universiteit en die konkrete uitlewing van ons Christelike Beginsels. Ook ondersteun ek die ASB met sy Christelik-nasionale karakter.



**I.D. Hoogenboezem (Mej.) (Isabel)**

CURRICULUM VITAE

**Eerste inskrywing: 1974**
**1976 B.Sc. (met ekonomiese vakke) 1977 H.O.D.(G)**
**1974/75 Eerstejaars-Aktueelkomitee, Sekretaresse, Korpssel Karlien**
**1975/76 Selleidster, Korpssel Karlien**
**1976 Stigtingskomiteelid, Esperanto-Puk**
**1976/77 Sekretaresse, Esperanto-Puk**
**1976/77 Sekretaresse, Korpsraad**

BELEIDSVERKLARING

Met die vertroue dat ek van God die krag sal ontvang vir my taak, stel ek myself verkiesbaar.

Die P.U. vir C.H.O. het 'n besondere roeping - daar behoort dus van ons getuienis na buie uit te gaan. Daarom is ek ten gunste van sinvolle skakeling.

Dit is egter ook van wesenlike belang dat ons na binne openheid sal hê t.o.v. kritiek en dat ons ook bereid sal wees tot selfondersoek.

Sinvolle kontak tussen die studente en die owerheid, veral die dosentekorps, is noodsaaklik vir 'n goeie akademiese situasie.

Ek steun ons affiliasie by die ASB en hoop dat ons in die ASB ook steeds meer openheid sal hê.

Laat ons met die Skrif as rigsnoer ons taak met vertroue aanpak met die doel om God se eer te soek.



**J. Cronje (Japie)**
**Dorp**
**B.A. III (Admissie)**

CURRICULUM VITAE

**1975 Skryf in B.A. (Admissie). Koshuis CAPUT . AKTUEEL - Sameroeper. Eerstejaarkomitee.**
**1976 AKTUEEL - Penningmeester, AKTUEEL - Sameroeper. Tweedejaarskomitee, Kampus Fokus - Penningmeester, Liber Factus - Draftoerpenningmeester, Korpssel - Caput**
**1977 Aktueel - Voorsitter, Liber Factus - Ondervoorsitter, Korpsraad - Penningmeester, Karnavalkomitee**

BELEIDSVERKLARING

As Christen-Afrikaner student stel ek myself verkiesbaar vir die Studenteraad aan die P.U. vir C.H.O.

Ek beywer my vir beter en doeltreffender opleiding gerig op:

i) Leiers in bestuursposte in die verenigingslewe

ii) Beter inskakeling van eerstejaars in die verenigingslewe

iii) Praktiese probleme wat opduik uit die organisasie in die studentelewe.

Ek wil poog om beter skakeling tussen student en dosent in die verenigingslewe te bewerkstellig, met die oog op meer vrymoedige en openhartige kommunikasie.

Ek steun die huidige studentestruktuur en die Christelik-nasionale grondslag en doelstellings van die ASB.



**Pieter Odendaal (P.A.)**

**Eerste Inskrywing: 1973**
**1975: B.A.**
**1976: B.A. Honneurs (Grieks)**
**1977: Th.B.I.;' M.A. (Grieks)**
**1973: W. Tvl. Junior Atletiekspan, Bondsboderedaksie, Sakboekieredaksie**
**1974: Politiese Raad, Administratiewe Raad, Sakboekieredakteur, Werkverskaffingskomitee (Voorsitter), Makouvlei KVV-sellbestuur, Studiekring, Studentehandboekkomitee (Konvenor), Bondsboderedaksie**
**1975: Korpsraad, Administratiewe Raad, Studiekring (voorsitter), Makouvlei KVV-selbestuur), J. V. Deo Gloria (o/voorsitter)**
**1976: Korpsraad (voorsitter), J.V. Deo Gloria (penningmeester)**
**1977: SSR, Korpsraad (Voorsitter), Interimkomitee van die Administratiewe Raad**

BELEIDSVERKLARING:

Die P.U. vir C.H.O. is enig in sy soort. Die grondslag van ons universiteit moet daarom steeds meer sigbaar



**J.H. Venter (Jan)**
**BA III**
**Jaar van inskrywing: 1975**

CURICULUM VITAE:

**1976: Korpssel Caput, Liber Factus Draftoer bestuur**
**1976/77 Karnavalkomitee**
**1977: Liber Factus Ondervoorsitter**

BELEIDSVERKLARING:

As Christen Afrikaner stel ek my die volgende ten doel tydens 'n S.S.R.-termyn:

1 Vir die uitbouing van die Christelike aard en karakter van ons Universiteit.

2 Die uitbouing van Studentediens in al sy fasette.

3 Die skepping van gunstige omgewingsfaktore vir die ontwikkeling van die PUK-student.

4 Die bevordering van skakeling met en hulpdienste aan minderbevoorregtes.

5 Die bevordering van studente deelname aan die ASB.

6 Die uitbouing van Opleiding, Burgerlike Beskerming en Weerbaarheid vir dames aan die P.U. vir C.H.O.



**Jan Botha**
**B.A. II**
**Jaar van inskrywing: 1976**

CURRICULUM VITAE

**1976 Rugby (Koshuis), Universiteitskoor, A.S.B. Eerstejaarskamp.**
**1977 Karnavalkomiteé, Aktueel '79 Tweedejaarskamp - Kampleier, Besembosredaksie, Universiteitskoor - Ondervoorsitter, Korpssel Die Voor - Selleier, ,,Jong Kerk''-redaksie, Aktueel - Bestuur, J.V. Salem - Penningmeester, Korpsraad, Rugby - Koshuis Eerstespan.**
**1978 Karnavalkomitee - Dagbestuur.**

BELEIDSVERKLARING:

Enige beleidsverklaring moet by 'n kern begin, Die kern waaruit ek wil dien is radikaal christen-wees, veral aan die PU vir CHO.

Diens en werk o.a. aan:

- Groter betrokkenheid van studente op alle terreine, deur o.a. die bestaande lewenskragtige organisasies verder te help uitbou. Dinge wat kunsmatig aan die lewe gehou word het nie bestaansreg nie.

- Beter gebalanseerdheid van almal - beter balans tussen verpligte klasse en selfstandige werk, - die behoorlike beplanning en administrasie van die aktiwiteite van die Studentesentrum sodat werklik aan die behoefte tot ontspanning voldoen word.

- Die oplossing van praktiese probleme, bv. Koshuiskos, parkeermaatreëls.

# Kultuurraad

**J. Botha (Jan)**
**Sien Korpsraad**



**J.J. Joubert (Jakkie)**
**Jaar van inskrywing 1974**
**B.A. H.O.D.(G)**
**Beplan B.A. Honn. Geskiedenis.**

CURRICULUM VITAE

**1974 Inskrywing aan die P.U., Lid van Volkspele.**
**1975 A.B.K.K. Hoofbestuur, S.R. verteenwoordiger Volkspeletoer, T.K.V.V. bygewoon, Reëlingskomitee van Volkspelekursus.**
**1976 Kultuurraad, Volkspeleleier, T.K.V.V. bygewoon, Reëlingskomitee van Volkspele kursus.**
**1977 Kultuurraad Dagbestuur, Ontspanningskomitee, Volkspeleleier, Reëlingskomitee van Volkspelekursus.**

BELEIDSVERKLARING:

Ek is trots om 'n Puk-student te wees en daarom sal ek my beywer vir elke student se stem, regte en voorregte. Mag ek aan die Puk student op die gebied van Kultuur en Ontspanning tot diens wees, soos die Kultuur asook die A.S.B. vir my eie is aan die Afrikanerstudent. Volgens my Christelike lewensbeskouing rig ek my lewe.



**Jacobus G. Vorster (Kobus)**
**Studierigting: 1977: Honns. B.A.**
**Beoog 1978: LL.B.**

CURRICULUM VITAE:

**1974: B.A.I., A.O.B.-fliekkomitee**
**1975: B.A. II, Cinepuk**
**1976: B.A. III, Cinepuk, Kultuurraad (Dagbestuur - addisionele lid), Besembosredaksie (Verteenwoordiger: Kultuurraad)**
**1977: Honns.-B.A., Cinepuk (voorsitter), Kultuurraad (Dagbestuur: penningmeester), Ontspanningskomitee**

BELEIDSVERKLARING

Die Kultuurraad vir die P.U. vir C.H.O. val in twee dele uiteen, naamlik 'n Kulturele afdeling en tweedens 'n ontspanningsafdeling. Tog moet geensins gedink word dat hierdie afdelings mekaar opponeer nie. Dit is ook geensinds die bedoeling nie. Myns insiens het die Kultuurraad van die afgelope termyn goed daarin geslaag om die belange van die twee afdelings gebalanseerd te bevoordeel. Dit is ook my voorneme om hierdie stand van sake te behou en om daarop voort te bou.

Nieteenstaande die feit dat daar aldag en heeldag aan ons, as studente, verkondig word dat 'n universiteit 'n plek is om te studeer, kan geen mens net studeer nie. Dus, gesonde ontspanning en vermaak op hierdie kampus is uiters noodsaaklik! Daarsonder kan geen mens allermins 'n student wt sy sout werd is, klaarkom nie. Maar, aan die anderkant kan die lewe ook nie net uit ontspanning bestaan nie. Die uitbouing van die kultuur van 'n volk (wie sê ons is nie die volk van mene nie?) is een van sy grootste saambindende faktore. Darom sal kulturele sake, op die kampus, net soveel van my aandag kry as ontspanningsaangeleenthede.

Nou sal u my seker vra wat ek beplan? Wel, die hou van massafeeste het hoë prioriteit by my aangesien die eenheidsgevoel en gees van die kampus daardeur opgebou word. Verder word die reël van uitstappie-aande na die groter sentr, waartydens goeie films en/of opvoerings gesien sal kan word, beoog. Nie net ligte vermaak nie, maar ook vermaak van opovoedkundige aard in die vorm van simfoniekonserte en opera opvoerings word in die vooruitsig gestel. Dit alles sal so goedkoop as moontlik gedoen word.

Ten opsigte van die verenigings en onderliggame van die Kultuurraad is ek te enige tyd bereid om hulle belange te behartig en te bevorder. U as lid van 'n vereniging het net soveel aanspraak op belangeverteenwoordiging as enige ander verenigingslid op hierdie kampus. Ek sal dus poog om deurentyd u belange op die hart te dra.

Ek doen dus 'n beroep op u; laat die Kultuurraad tot nuwe hoogtes styg aanstaande termyn. Dit sal gebeur met u belangstelling!



**Abraham Johannes Swanepoel (Braam)**
**Studierigting. 1977. B.Juris III, 1978 L.L.B. I**
**Jaar van inskrywing 1975.**

CURRICULUM VITAE

**1975: Rugby Klooster, Krieket Klooster.**
**1976 Korpsstudiestuk-redaksie, Rugby Klooster, Krieket Klooster.**
**1977 Huiskomitee Klooster, Koshuisverteenwoordiger op die Kultuurraad, Rugby Klooster, Krieket Klooster.**

BELEIDSVERKLARING.

Ek stel my verkiesbaar vir Koshuisraad asook vir Kultuurraad. Op die vlak van die Koshuisraad stel ek my ten doel om die Puk-massa te alle tye tot diens te wees. Ek sal my beywer vir nog beter koördinering tussen koshuise, maar ook vir 'n goeie verhouding tussen die Koshuisraad en die owerheid waardeur die student 'n regmatige inspraak kan verkry in sake waarby hy daadwerklike belang het.

Die Kultuurraad het 'n besondere groot taak op enige Universiteitskampus aangesien die kulturele skoling van elke mens uiters belangrik is. Om goeie akademiese resultate te behaal moet elke mens aan gesonde ontspanning deel hê. Hierdie genoemde fasette in die studentelewe lê op die terrein van die Kultuurraad en ek is bereid om my beste te lewer om dit tot volle ontplooiing te bring.

Ek onderskryf die Christelike karakter van hierdie Universiteit en sal te alle tye die naam van Universiteit as hoogste prioriteit stel.



**J.A. van der Walt (Adriaan)**
**1. Kultuurraad;**
**2. (Administratiewe Raad.)**
**Studierigting: B.Juris III**

CURRICULUM VITAE:

**1974: Jaar van inskrywing.**

**1975: Thalia-lid; Florna ondervoorsitter; Werkverskaffingskom. penningmeester; A.D.B. koshuisverteenw.**
**1976: Staatsamptenaar.**
**1977: Thalia ondervoorsitter; Intervarsitykomitee; Kultuurraad.**

BELEIDSVERKLARING.

Die doel van die Kultuurraad is om ontspanning en kultuur aan die Pukstudente te verskaf. Daarom moet meer Pukke betrek word by die Kultuurraad se bedrywighede.

Die Kultuurraad het in die afgelope termyn baie goeie werk gedoen en as daar net daarmee voortgegaan word, beantwoord dié Raad klaar aan sy doel. Dit beteken egter nie dat daar nie méér gedoen hoef te word nie. Veral wat ontspanning vir die massa betref, kan baie meer gedoen word.

Wat skakeling met ander universiteite betref, glo ek dat dit noodsaaklik is, nie net met eendersdenkendes nie, maar ook met mense wat van ons verskil, sodat ons op dié wyse van mekaar kan leer.

**T.C. Schwellnus (Zoks)**
**sien o/voorsitter**



**M.R. Brink (Ryk)**
**B.Comm II**

CURRICULUM VITAE
**Jaar van eerste inskrywing 1975.**
**H.O.D. voorgraads**
**1976 B.Comm I, Voortrekkers - Bestuurslid, Karnavalkomitee '77.**
**1977 B. Comm II, Korps Forum - Penningmeester, Voortrekkers - Penningmeester, Karnaval '78.**

BELEIDSVERKLARING.

Ek en jy, as studente aan die P.U. vir C.H.O. is net 'n kort tydjie van ons lewe hier. Daarom is dit belangrik dat elkeen in hierdie tyd gevorm word om sy/haar plek in die samelewing vol te kan staan.

Kultuur is deel van elke mens en daarom is dit belangrik om ook op hierdie gebied gevorm te word.

Die woord kultuur beteken om op te bou, te versorg en te ontwikkel. Kultuurvorming is 'n opdrag van God. Ek stel my ten doel om -

Dit wat kultuur aangeleenthede betref die student se belange op die hart te dra, met ander woorde -

- om vas te stel wat die behoeftes is, en
- om dan te probeer om aan die behoeftes te voorsien.

Ook om die Calvinistiese beginsels in die kultuur EN op ander terreine uit te dra -

- sowel as my Christelik nasionale lewens- en wêreldbeskouing;
- ook om my geloof in die Drie-Enige-God uit te leef.

Ek onderskryf ook ten volle die ASB en sy grondbeginsels.

## Akademiese Raad



**J.L. du Plooy (Jan-Louis)**
**B.A. III (Propedeuties)**
CURRICULUM VITAE
**1975. Skryf in by die P.U. vir C.H.O. Dien op die bestuur van: Korps Hulpprojekte. Korpssel Kompleks.**
**1976. Dien op: Die Sakboekieredaksie, Korps Forum, J.V. Afdelingsbestuur (Cachet), Rugby o/20 (a).**
**1976/77. Redakteur van die Sakboekie, Karnavalkomitee, T.S.V./Theologica-bestuur, Admin. Raad, J.V. Afdelingsvoorsitter, Rugby o/20.**
**1977/78. Ondervoorsitter van die Karnavalkomitee.**

BELEIDSVERKLARING

Ek vind die grondslag vir my beginsels en uitgangspunte in die onfeilbare Woord van God. Die Christelike karakter van ons universiteit wat akademiese vlak betref, lê my na aan die hart en verdien volgehoue aandag en bevordering. Nie-verstopte en bruikbare kanale met die universiteitsowerheid met die oog op wedersydse kommunikasie is myns insiens noodsaaklik en kan voordelig wees vir beide wetenskapsbeoefening en die student. Ek onderskryf die A.S.B. se grondslag en doel en op politieke terrein is ek Christelik-nasionaal georiënteerd.

**I.D. Hoogenboezem (Isabel)**
**Sien Korpsraad**



J. Ueckermann (Johan)

CURRICULUM VITAE
**1975: P.U. Tennis**
**1976: P.U. Tennis, Makouvlei ontspanningskomitee**
**1977: P.U. Tennis, Kultuurraadverteenwoordiger - Makouvlei, Voorsitter: Geskiedenisvereniging**

BELEID:

In die vertegniseerde en verwetenskaplike samelewing van vandag het die student as huidige wetenskaplike en toekomstige leier 'n belangrike taak om te vervul. Die student se rol in hierdie gekompliseerde situasie is al redelik beklemtoon, maar nogtans sal dit my doel wees om dit en watter belange daar ookal mag wees "IN U LIG" te benader.



A.H. Stavast (Arie)
B.A. III
**Jaar van inskrywing: 1975**

CURRICULUM VITAE
**1976: Sitting op die Politika-bestuur**
**1977: Politika (voorsitter), Sitting op die Korpsraad, Geskiedenisvereniging (penningmeester)**

BELEIDSVERKLARING

Insoverre God my die krag, verstand en vermoë gee, is dit my voorneme om my te beywer vir die belange van die student van ons kampus.

In die lig hiervan stel ek myself ten doel:

1. om nouer skakeling tussen studente en dosente te bewerkstellig om sodoende probleme ten opsigte van onder andere, naweektoetse, halfjaareksamens en referate makliker op te klaar;
2. om skakeling met die Studenteraad uit te brei;
3. om skakeling met die Universiteitsowerheid uit te bou;
4. om die Akademiese Raad as kommunikasiekanaal tussen die student en die dosent, die student en die Studenteraad, en die student en die Universiteitsowerheid in te span;
5. om aan die studentegemeenskap 'n diens te lewer soos wat dit van my vereis word;
6. om besluite, wat as Studenteraadsverteenwoordiger geneem moet word, in belang van die studente te neem en nie in belang van myself nie.



**H. Stoker (Helena)**
**Studierigting 1977: M.Sc (Fisika)**
**Jaar van inskrywing: 1974**

CURRICULUM VITAE
**1976: B.Sc**
**1974: Hokkie - P.Y.K. I, Aktueel '77 (Eerstejaarskamp)**
**1975: Fisika Studentevereniging - Stigtingsbestuurslid**
**1976: Huskomitee - Vergeet-my-nie, Korpssel Vergeet-my-nie - Selleidster, Fisika Studentevereniging - Ondervoorsitster, A.S.B. Kongres - Waarnemer, Atletiek - Vergeet-my-nie, Korpsraad**
**1977: Fisika Studentevereniging - Voorsitster, Fisika Konferensie te Grahamstad, Potchefstroom Kommando, Atletiek - Dorp, Uitgenooi na W.T.V.A.A. Atletiekafrigtingskursus, Akademiese Raad - Hulpsekretaresse, Lid van die Akademiese Raad se kommissie van ondersoek na die akademiese standaard.**

BELEIDSVERKLARING

Ons het 'n Goddelike roeping om te arbei en te dien - daarom is ons op die PUK, om ons vir 'n lewenstaak voor te berei, deur die akademie en ook om aan ons medestudente diens te lewer. Die lewe moet gebalanseerd wees en ons moet ook na buite optree deur A.S.B., sportgebied en verenigingslewe.

Op die akademiese vlak moet ons ons beywer vir 'n beter benutting van die akademiese jaar. 'n Indeling van ons kursusse in modules met semestereksamens sal baie hiertoe kan bydrae.

## Politiese Raad



**Johan J. van Rensburg (Johan)**
**Politiese Raad**

CURRICULUM VITAE:
**1973 B. Juris I, Uitruilstudent na Kalifornië, V.S.A.**
**1975 B. Juris II, ASB Regskonferensie (Kovsies)**
**1976 B. Juris III, Dorp-wyksverteenwoordiger**
**1977 L.L.B. I, Dorp-huiskomitee tot Maart, Programvoorsitter, Politiese Raad, ASB Jaarkongres-afgevaardigde, ASB Regskonferensie PUK-afgevaardigde, ASB Aktualiteitskonferensie (RAU).**

BELEIDSVERKLARING.

In 'n tyd waarin Suid-Afrika enigsins verward is t.o.v. die toekoms, rus daar 'n besondere plig op die PUK om met suiwere beginselstelling die weg duidelik en met vertroue vorentoe aan te wys.

'n Kerngesonde studentegemeenskap, en 'n studentelewe wat op die behoeftes van die studente afgestem is, moet nagestreef word. Ek stel my ten doel die verdieping van die PUK-massa se politieke bewussyn, nie alleen sodat ons parate landsburgers sal wees nie, maar ook nou reeds sinvol leiding in die Suid-Afrikaanse- en Afrikanerstudentegemeenskappe sal neem, soos ons vanuit ons geloofsbelydenis noodwendig behoort te neem.

Met die Lig en Genade van God onderneem ek om by te dra tot die uitbouing van die PUK-studentelewe.

**D.G. Breed (Douw)**
**sien o/voorsitter**



**D.J. van Rooy Postma (Dirk)**

CURRICULUM VITAE:
**Jaar van inskrywing: 1976**
**Graad: B.A.**
**Bedrywighede 1977: Bestuur: Wysgerige Vereniging, Lid van Politiese Raad**

BELEIDSVERKLARING.

Net soos al die ander Rade aan die P.U. vir C.H.O. staan die Politiese Raad op 'n Christelike basis en beywer hom daarvoor om die basis uit te leef.

Daar is twee take wat die Politiese Raad hom ten doel stel: Die eerste is om op akademiese wyse met die politiek om te gaan. Dit is veel meer as dat dit net op 'n nie-partypolitieke basis moet geskied nie.

Die tweede taak is om so veel as moontlik mense by hierdie akademiese besinning te betrek en om hul belangstelling vir aktuele sake by die Pukke te wek. Daar bestaan 'n groot leemte hier.



G.J. van Wyk (Gerrie)

**curriculum vitae;**

**1974/75: Korps Hoofbestuur - Penningmeester, Hulpprojekkomitee - Organiseerder, Selbestuur Korpssel Die Voor, T.S.V. Bestuur (Propedeutiese Verteenwoordiger).**
**1975/1976: Hulpprojektekomitee: Ondervoorsitter en Penningmeester, PUK 2e Tennisspan, T.S.V. Bestuur - Propedeutiese Verteenwoordiger.**
**1976: Behaal Graad B.A.**
**1976/77 Kuesta '77 Reëlingskomitee - Voorsitter, SSR-lid, Portefeulje ASB**
**1977: TH.B I En Kandidaats**

BELEIDSVERKLARING

Die P.U. vir C.H.O. het 'n unieke karakter en beginselgrondslag waarmee ek my vereenselwig. Hierdie karakter wil egter gehandhaaf word.

Voorts stel ek my op die Christeliknasionale grondslag van die ASB. Doelgerigte skakeling na buite moet nagestreef word asook noue skakeling tussen die SSR en die PUK-student. Nuwe moontlikhede t.o.v. Kuesta moet in die komende termyn ondersoek word, ten einde hierdie projek van die ASB as kleinnood uit te bou en te bevorder.



**J.A. du Plessis (Riaan)**
**L.L.B.**

CURRICULUM VITAE:
**1974: Jaar van inskrywing**
**1975: Trapkarspan, Hombre, Rugby - Hombre.**
**1976: Voltooi B.Com.(Regte)-graad**
**1977: Karnavolkonvenor - Hombre, Politiese Raad - Hoofbestuur.**

BELEIDSVERKLARING

Die geaardheid van die hedendaagse politiek maak dit uiters noodsaaklik dat die student se politieke belangstelling geprikkel en vergroot moet word. Nou stel ek myself diensbaar aan die studentegemeenskap om pligte wat my opgelê sal word ten beste uit te voer in belang van die student.

Verder streef ek daarna om deur die gebruik van bestaande instansies die politiek nader aan die student te bring.

Ek vereenselwig my ook met die ASB en sy werksaamhede en ek voel dat die Afrikanerstudent hom as lid van die ASB daar kan tuisvoel en sy standpunt uitdra.

## Koshuisraad



**J.S.G. Strydom (Jan)**
**Jaar van Inskrywing: 1974**
**Kursus: LL.B.**

CURRICULUM VITAE:
**1974: B Juris I, Skuuratletiekspan, Skuurtrapkar, Skuur eerstespan rugby**
**1975: B.Juris II., Caput atletiekspan, Caput eerste Rugbyspan, Caput Trapkarspan**
**1976: B.Juris III, H.K. Lid, S.S.D. afgevaardigde, Politiese Raad verteenwoordiger, Caput eerste Rugbyspan**
**1977: LL.B I, Primarius Caput, Studenteparlementslid Caput, Caput eerste Rugbyspan**

BELEIDSVERKLARING:

As ingeligte PUKKE moet ons steeds strewe na wyer insigte in studenteprobleme wat ons ten nouste raak. Dit hou in dat ons 'n groter openheid moet verkry m.b.t. studente politieke vraagstukke. As Christenstudente is dit belangrik dat ons op 'n realistiese wyse ons PUK student-wees moet verantwoord. Hieroor is die vorming van 'n eie mening en 'n oordeelkundige diskresie onvermydelik. Dit is die voorreg van die studenteraadslid om ook aan die mening van die Dame in hierdie verband reg te laat geskied. My ideaal is om deel te hê aan die bevordering van hierdie selfstandige denke.

**Vul u Stembriefies korrek in**



**C.A. Pelser (Christiena)**

CURRICULUM VITAE
**1975: B.Sc. I**
**1977: B.Sc.III, Wapad Redaksie, HK-Wanda, ASB -projektekomitee (sekretaresse), Besembosredaksie, JV (Sekretaresse)**

BELEIDSVERKLARING

As lojale en trotse PUK wil ek die volgende onderskryf:

- bepaling van behoeftes onder studente deur effektiewe skakeling,
- doelgerigte positiewe optrede t.o.v. behoeftes en moontlike probleme,
- uitdra en bevordering van die goeie beeld van die PUK,
- sinvolle interuniversitêre skakeling.

Tot dit alles is ek slegs in staat deur 'n diepe afhanklikheid en erkentlikheid aan God. My voorneme is om in alles wat ek aanpak die leuse van ons universiteit tot sy volle reg te laat kom – "IN U LIG".

**A.J. Swanepoel (Braam)**
**Sien Kultuurraad**

**D.J. de Kock (Danie)**
**Sien Korpsraad**



**E. du Toit (Erina)**
**Jaar van inskrywing: 1975**
**B.A. KOMM. III**
**Korps Selbestuur**
**Werkverskaffingskomitee**
**J.V. Bestuur**
**Klawerhof I Netbal**

CURRICULUM VITAE

**1976: Korps Selbestuur, Korps Hoofbestuur, Publikasiekomitee, Klawerhof I Netbal.**

**1977: Korps Selbestuur, Korps Hoofbestuur, Klawerhof Wapad-verteenwoordigster, Kuesta - S.R.K. vir Reklame, J.V. Bestuur, Klawerhof I Netbal, S.S.D., Huskomitee Klawerhof.**

BELEIDSVERKLARING

As Christen-jongmens het ek die vrymoedigheid om my vir die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. beskikbaar te stel. In my toerekenbare verantwoordelikheid ag ek dit my voorreg en plig om die Christelike karakter van ons Alma Mater uit te bou en uit te dra.

Dit is vir my van besondere belang dat die Studenteraad in 'n gesonde vertrouensverhouding tot die studente staan. Daarom is wedersydse kontak essensieel. Ek ondersteun inter-universitêre skakeling heelhartig.

Ek vereenselwig my voorts met die uitgangspunte van die ASB.

Ek glo dat ek tot alles in staat is deur Christus wat my krag gee.

**H. Stroker (Helena)**
**Sien Akademiese Raad**

# Administrasie Raad

**J.L. du Plooy (Jan Louis)**
**Sien Akademiese Raad**

**C.A. Pelser (Christiena)**
**Sien Koshuisraad**



**D.J. Stoltz (Danie)**
**Studierigting**
**1977 B.A. III**
**1978 Honneurs: Bedryfs- en Personeel Sielkunde.**

CURRICULUM VITAE:
**1975 Klooster I Rugby**
**1976 Klooster I Rugby**
**1977 Klooster I Rugby, Ibbies Rugby, Puk IA Rugby, Klooster Rugbyklub Voorsitter, Wapad Koshuisredakteur – Mans, A.S.P.U. – Afgevaardigde.**

BELEIDSVERKLARING

Ek beskou dit as 'n voorreg om myself verkiesbaar te stel vir die Administratiewe Raad en die Sportraad. Ek sien daarin 'n groot uitdaging om aan die vereistes van die Sent;rale Studenteraad en veral van die Puk-massa te voldoen en die belange van die student te behartig en te bevorder.

Sport is naas die akademiese verpligtinge die belangrikste afleiding en ontpanning wat deur die studente beoefen word en daarom sal ek my beywer om positiewe betrekkinge tussen die Sentrale Studenteraad en studente verder uit te bou.

Ek onderskryf die Christelike lewensbeskouing van hierdie Universiteit.

**G.J. van Wyk (Gerrie)**
**Sien Politiese Raad**

**J. Botha (Jan)**
**Sien Korpsraad**

**E. du Toit**
**Sien Koshuisraad**

**T.C. Schwellnus !Zoks)**
**Sien O/Voorsitter**

**J.A. van der Walt (Adriaan)**
**Sien Kultuurraad**

**J.H. Venter (Jan)**
**Sien Korpsraad**

# Sportraad



**P.J. Groenewald (Pieter)**

CURRICULUM VITAE:
**1973 Matrikuleer aan Hoërskool Gimnasium.**
**1975 P.U. vir C.H.O. (B.Sc. II)**
**1976 O/Voorsitter Korpssel Piet Groblerhuis.**
**1976/77 en 1977/78 Voorsitter Karateklub**
**1976/77 Intervarity**

BELEIDSVERKLARING.

My Christelike beginsels sal ek handhaaf en so ook die Christelike beginsels van die universiteit en dit uitleef.

Verder stel ek my in diens van ons studente en my medemens en hulle belange sal eerste gestel word. Wat sport betref is dit elke student se reg om daaraan deel te hê en stel ek my ten doel om enige aangeleentheid of gebeurtenis wat nadelig is vir die uitbouing van sport op die PUK uit die weg te ruim.

'n Goeie sportgees moet voortduur op die PUK deur voort te gaan met koshuisligas in alle sportsoorte sodat elke persoon die geleentheid gegun kan word om deelname te hê in 'n sportsoort.



**P.H. Fourie (Pieter)**

CURRICULUM VITAE:
**1974 B.Com Regte I, Ekonomiese Verenigingbestuur, Skuur-rugby**
**1975 B.A. (propedeuties) I, Onder-voorsitter Kampusfokus, Penningmeester „Die Bondsbode"**
**1976 B.A. (propedeuties) II, Penningmeester Korpsraad, Voorsitter Kampusfokus, Redaksionele Assistent „Die Bondsbode", Potch United I Sokker, Stigterslid P.U.-Sokker**
**1977 B.A. (propedeuties) III, Voorsitter Damesweerbaarheid, Korpsskakelbeampte, P.U. I Sokkerkaptein, P.U.-Sokker Voorsitter tot Juniemaand, Sentrale Studenteraadslid**

BELEIDSVERKLARING.

As Christen-Afrikaner stel ek myself die volgende ten doel:

1 Om elke student as unieke wese in liefde en nederigheid te dien.
2 Elke sportsoort sy eiesoortige, gereg-verdigde plek te gee.
3 Sportbetrekkinge met alle universiteite te bevorder.
4 Te ywer vir sport-hulpdienste aan hulpbehoewendes buite ons universiteitsgrense.
5 Te ywer vir die beslaggewing van die christelike aard en karakter in die sport-belewing op ons universiteit.

Die Afrikanerstudent moet homself al hoe meer bereid verklaar om te offer, brûe te bou en hegter bande te smee met die anders-volkiges in ons land.

**D.J. Stoltz (Danie)**
**Sien Administrasie Raad**



**Wilna Marié Fondse**

CURRICULUM VITAE:
**1975: Ingeskryf H.O.D. Huishoudkunde, Puk I Netbal, W.-Tvl. A Netbal, Puk ereklere vir Netbal, S.A.U.-atletiek.**
**1976: W.-Tvl Atletiek, Puk atletiekkapteine, S.A.U.-atletiek.**
**1977: W.-Tvl Atletiek, Sekretaresse Sportraad, Puk atletiekkapteine, Puk I Netbal, W.-Tvl A Netbal, Huiskomitee Wanda, Klerekomitee.**

**beleidsverklaring.**

Hiermee wens ek myself verkiesbaar te stel vir die Sportraad. Ek onderskryf die doelstelling van die Sportraad van die P.U. vir C.H.O. ten volle; nl. dat
1. Sportbeoefening in die geheel aan die Universiteit te bevorder en uit te bou.
2. Koördinering van die verskillende sportsoorte na binne en
3. Verteenwoordiging na buite.

Ek stel my ten doel om, waar ek in 'n posisie mag kom om besluite te neem, my ook daar Christelik te verantwoord.



**M. Logtenberg (Marius)**

CURRICULUM VITAE:
**1973 - 1974: Suid-Wes Tvl. Amateurstoeikampioen, Suid-Wes Tvl. Stoekleure.**
**1975: Wes-Tvl. Junior en Senior Stoeikleure, Junior Springbokproewe, Wes-Tvl. Junior en Senior stoeikampioen.**
**1976: S.A.U. - kampioen en S.A.U.-kleure, P.U. vir CHO - Erekleure vir Stoei, Wes-Tvl. Junior en Senior spanlid, Mees Wetenskaplike Stoeier aan PU vir CHO**
**1977: Wes-Tvl. Junior en Senior spanlid, Springbokproewe, 2de plek S.A.U. - kampioenskappe, Voorsitter van stoeiklub, Sportraad, Transvaal-ope stoeikampioen.**

BELEIDSVERKLARING

As Puk-student stel ek my hiermee verkiesbaar vir die SSR van die PU vir CHO. Sedert my eerste jaar stel ek intens belang in sport aan die Universiteit en is tans steeds 'n aktiewe sportman. Ek het dus 'n globale indruk van behoeftes van die verskillende klubs.

Ek stel my ten doel om die studente te dien in enige situasie waar dit vir hulle tot voordeel kan strek, veral op sportgebied. Die hoë standaard van sport aan die PU vir CHO in die verlede sal die mikpunt vir die toekoms wees.

Verder is dit my doel om kleiner sportklubs soos byvoorbeeld die trapkar, sokkerklub, en die valskermklub, sterker te maak deur die betrokke sportsoort beter bekend te stel. Probleme wat sportklubs ondervind sal met die grootste mate van begrip behandel word.



**H.J. Vorster (Henning)**
**Kursus: Opvoedkunde Honns.(B.Ed.)**
**Inskrywingsjaar: 1974**

CURRICULUM VITAE:
**1970/1973: Oos-Transvaal 0/20 rugby, S.A. Kollegeweek rugby, O.K.O.I rugbykaptein, O.K.O. II tenniskaptein, Voorsitter Sendingvereniging, Bestuur Retorieseverenigíng, S.W.D. atletiek, Wen O.K.O. Redenaarskompetisie (1973), Groepleier by sewe F.A.K.-jeugleierskonferensies, Voltooi P.O.D.-onderwysdiploma.**
**1974: Goue medalje op S.A.U. (stoei), Proteakleure, Wes-Tvl, Senior stoeikampioen, Wes.-Tvl. erekleure, P.U.-erekleure, K.V.V. Studiekring.**
**1975: Goue medalje op Wes.-Tvl.-kampioenskappe, Sekretaris P.U.-stoeiklub, Wes.-Tvl, seniorkampioen, Wes.-Tvl, erekleure, P.U.-erekleure, Uitgenooi na S.A.-kampioenskappe, Bestuur Gereformeerde sending.**
**1976: Voorsitter P.U. Stoeiklub, P.U. Sportraad, Organiseerder S.A.U.-stoeitoernooi, Wes.-Transvaal Seniorkampioen, Wes-Tvl. Erekleure.**
**1977: B.Ed., Karnavalkomitee (1978)**

BELEIDSVERKLARING.

Dit is my begeerte om die belange van sport en dan alle sportsoorte in die besonder op die hart te dra. Elke individu se spesifieke sportsoort is vir hom die belangrikste!

Om resultate te verseker is dit noodsaaklik dat sport doeltreffend georganiseer moet word. Hier kan ons m.i. net verbeter! Elke sportsoort moet na binne gesterk word om dan daadkragtig na buite te tree. Besondere aandag moet dus gewy word aan onderlinge kontak.

Ek voel 'n besliste begeerte t.o.v. skakeling tussen SSR en studente. Die huidige stelsel sal beslis uitgebou word as ons nie ons SSR in 'n oneffektiewe liggaam wil sien verval nie. Verenigings en komitees wat nie aktief is nie moet liefs afgestel word.

Dit is my oortuiging om in alle besluite waarin ek deel mag hê, my Christelik te verantwoord.



**Jan Daniël Steinman de Bruyn**

CURRICULUM VITAE:
**1971 Tennisklub Bestuur,**
**1972 Tennisklub Voorsitter en Kaptein, A.O.B., Kine-Puk Bestuur.**
**1973 Sentrale Karnaval Komitee, Tennisklub Voorsitter en Kaptein, Kuesta Reëlingskomitee, S.S.B., Behaal B.Comm-graad.**
**1974 Sportraad Voorsitter, W.Tvl. Tennis Uitvoerende Bestuur, Artikels - Klerkskap by Ouditeursfirma.**
**1976 L.L.B. I, Artikels - Klerkskap by Ouditeursfirma.**
**1977 L.L.B. II, Tennisklub Voorsitter, L.L.B. Verteenwoordiger op S.R.V.P., Sportraad, Sekretaris Potchefstroomse Tennisvereniging.**

BELEIDSVERKLARING.

Ek stel myself beskikbaar om sport in die algemeen aan die Puk te bevorder. Wat koshuissport betref stel ek myself ten doel om nouer skakeling met die Sportinstituut te bewerkstellig en om koshuissport te bevorder.

As Puk voel ek dat sport hom daartoe leen om met verskillende mensegroepe kontak te maak en die karakter van die P.U. vir C.H.O. nie net uit te dra nie, maar ook uit te leef.

**GROOT SWEET**
**Kom luister na die politieke menings en beleidsverklarings van u SSR-Kandidate**

**Dis u SSR wat verkies moet word.**

**Plek: Totiussaal**

**Tyd: 19h00**

**Datum: Maandag 8 Aug.**

**Algemene laat-aand vir hierdie aksie!**

# Kuesta '77 onder kritiek

### DEUR LOUW VAN BILJON

**Kuesta is vanjaar gedurende die Junie-vakansie op Puk en Pote aangebied. Die indruk wat ek hier van Kuesta gekry het, is dat dit deels geslaagd was en deels tekort geskiet het aan my verwagtings.**

In 'n onderhoud met mnr. Gerrie van Wyk, voorsitter van Kuesta '77 se reëlingskomitee, het die volgende punte ter sprake gekom:

● Belangstelling was verrassend groter as wat kort voor die aanvang van Kuesta verwag is. Daar was 94 kursusgangers en dus kon meer kursusse aangebied word. (Selfs 94 mense is skandelik min).

● Die kursusse wat wel aangebied is, (bv. fotografie, binnenshuiseversiering, sjarme, motorherstelwerk, pistool- en wapenkunde, ens.) was suksesvol en interessant.

● Die sosiale program was puik.

● Die skaak en redenaarskompetisie was puik.

Mnr van Wyk het voorts gesê dat Kuesta volgende jaar weer hier aangebied gaan word om kontinuïteit te verseker. Daar gaan gepoog word om Kuesta op 'n meer proffesionele wyse te benader – veral om weer lewe in die kunsaspek van Kuesta te pomp. Kuesta sal miskien gedurende die April-vakansie of oor 'n langnaweek aangebied word.

Vraelyste is vanjaar onder die kursusgangers versprei en die algemene gevoel was dat dit suksesvol was.

Myns insiens is dit 'n effense ophemeling van wat Kuesta werklik was. Ek bedoel nou nie dat Kuesta 'n saai mislukking was nie. Glad nie. Kuesta is 'n geleentheid met ontsaglike moontlikhede. Die nuwe idee van mnr. Van Wyk en sy helpers is 'n stap in die regte rigting. Op die oomblik het die hele opset van Kuesta, naamlik om 'n kunsfees te wees, platgeval. Dit is net die kursusse as sulks wat Kuesta aan die gang hou. Vanuit my oogpunt was die grootste leemtes in en om vanjaar se aanbieding die volgende:

● Daar kan nie van die kampus wat Kuesta aanbied, verwag word om die reklame alleen te behartig nie. Alhoewel daar voortdurend vanaf die Puk met ander kampusse geskakel is, het dit klaarblyklik in baie gevalle net daar doodgeloop. Die persone op ander kampusse wat verantwoordelik was vir reklame op hul eie universiteite en kolleges het nie hul deel gedoen nie. 'n Dame van Tuks het aan my gesê dat daar weinig reklamepogings op hul kampus gesien of gehoor is.

● Reklame kan meer waaghalsig en opwindend benader word. Daar moet meer klem gelê word op die avontuurlike en feestelike sy van Kuesta. Die student moet nie net kennis neem van Kuesta nie; sy belangstelling moet ook geprikkel word.

● Ek wil amper die stelling kwytraak dat Kuesta oorgeorganiseerd was. Die kursusgangers was té besig gehou. Van die studente het gekla dat hulle te min vrye tyd gehad het om die kampus en dorp te besigtig. Sosiale aktiwiteite kan meer aan die student se spontaniteit en inisiatief oorgelaat word. As meer studente na Kuesta gelok word, kan 'n groter verskeidenheid "socials" op 'n aand gereël word, bv. singsongs of 'n bier en braai. Daar kan selfs een hele middag en aand niks gereël word nie.

● Die verpligte kursusse wat deur die weermag aangebied was, het gewissel van baie interessant tot minder interessant.

Die toespraak oor skarebeheer sou honderd persent beter gewees het as dit prakties deur 'n peleton van die weermag gedemonstreer was.

Die sleutel tot sukses vir Kuesta is meer deelnemers; 500 plus is die ideaal. Indien Kuesta in die toekoms nie meer mense lok nie, sal dit nie herleef nie, al maak die organiseerders ook wat.

Dit is die taak van elke kampus om Kuesta onder die studente se aandag te bring en hulle aan te moedig om deel te neem. Kuesta kan 'n fantastiese fees wees.

Laastens kan die reëlingskomitee geluk gewens word met hul puik organisasie en 'n andersinds (d.w.s. buiten bogenoemde kritiek) geslaagde en gesellige Kuesta.

# Pasop!

**Vanaf die 15 Augustus sal toegangsbeheer op die kampus toegepas word. Geen voertuig sal sonder 'n parkeerskyfie op die kampus toegelaat word nie.**

Studente wat nog nie skyfies het nie, moet so gou moontlik by die Departement Sekuriteitsdienste gaan aansoek doen.

Daar is ook toegewings gemaak ten opsigte van die vereistes wat gestel word om 'n parkeerskyfie te bekom.

1. Studente wat aan een van die volgende vereistes voldoen, kan in aanmerking kom vir parkeerregte op die universiteitsterrein.

1.1. persone wat met nagraadse studie besig is;

1.2. persone wat vir die laaste jaar van 'n vierjarige graad- of diplomakursus ingeskryf is;

1.3. persone wat minstens 21 is;

1.4. persone wat nie in die universiteitskoshuise op die universiteitsterrein inwoon nie;

1.5. ander persone wat om gesondheids- of ander gegronde redes op meriete toegelaat word (aansoeke op grond van gesondheidsredes moet deur 'n mediese sertifikaat gestaaf word).

2. Parkeerskyfies sal alleen na inlewering van twee paspoortgrootte foto's van die applikant uitgereik word.

# Elsie Ballot Studiebeurse

**Aansoeke om die bogenoemde studiebeurse vir die tydperk wat in die jaar 1978 begin word ingewag.**

Die bepalinge en voorwaardes is soos volg:

Eie studiebeurse bedra elk R4000,00 per jaar en word slegs toegeken vir studie aan die Universiteit van Cambridge vir 'n tydperk van twee jaar wat moontlik tot drie jaar verleng kan word.

Een bedrag van R500 sal tot reiskoste bemaak word, alle verdere koste moet deur die beurshouer self gedra word.

Kandidate moet Suid-Afrikaans gebore blanke mans wees wat op 1 Oktober 1978 tussen 19 en 25 jaar oud sal wees, albei ouderdomme ingesluit. Die maksimum ouderdom sal verleng word met die tydperk van onderbroke Militêre Opleiding wat 'n kandidaat ondergaan het.

Kandidate moet ten minste 18 maande Universiteitstudie aan die einde van Desember 1977 voltooi het en verkieslik moet hulle in besit wees van 'n eersteklas graadsertifikaat of 'n graad met Cum Laude in die hoofvakke.

Aansoeke moet die sekretaris voor 15 November 1977 bereik.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van DIE SEKRETARIS, ELSIE BALLOT-STUDIEBEURSFONDS, POSBUS 1365, PRETORIA.

# DEUR MY LENS

*LOUW VAN BILJON*

**Volgende jaar is al die Puk-koshuise propvol studente en die dorp dolleeg. Verblydende nuus vir die stadsraad (en Puk-owerheid?).**

"Nie meer as ses volwassenes (huurders ingesluit) mag in 'n huis woon nie".

"Daar moet 'n gesinshoof in elke huis inwoon – of meer spesifiek – 'n getroude man."

Die predikante kan maar regmaak vir massa-troues in die nabye toekoms. Potch se geskeide vrouens sal naarstiglik man soek – heelwaarskynlik mansstudente wat op hul beurt weer op soek sal wees na wederhelwe; anders sal hulle koshuise-toe moet verkas.

Wat is presies die stadsraad se doel met sulke regulasies?

Hulle wil seker die toenemende getal studente in die dorp laat afneem. Verskonings soos: "Motors staan die sypaadjies vol" en "lawaaierigheid", "ontug" en drankmisbruik is aan die orde van die dag" ens. word gehoor.

In Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein en soortgelyke plekke is geen diskriminerende regulasies wat studente verhoed om in die dorp te woon nie, hoekom dan in Potch?

Moet ons soos kinders opgepas word? 'n Mens kom universiteit toe om te studeer, nie om in 'n koshuis te woon nie, en gesien in die lig van die huidige ekonomiese krisis ......

'n Groot rede hoekom studente koshuise verlaat, is talle kleinlike reëls wat aanleiding gee tot irritasies (vergelyk Op die Wa-as in die Wapad van 24 Junie 1977).

Kan daar nie oorkoepelende, eenvormige, maar billike reëls vir koshuise opgestel word nie?

● Die Veiligheidspolisie skakel mos nou-die-dag Die Wapad. Hulle wil graag op ons verspreidingslys geplaas word. Gaats ....

● 'n Lelike ding gaan sy kop glo gedurende die SSR-verkiesing uitsteek – blokstemming. Sekere twee koshuise ('n mans- en 'n dameskoshuis) en 'n vereniging koester diè gedagtes. Ons wag ....


**Volkskas praat die taal van kundiges**

**Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.**

**Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.**

**Daarom praat Volkskas saam ... in 'n tradisie van diens en kundigheid.**

**Kom praat met die bank wat verstaan.**

Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)

**WESVALIA BOEKHANDEL**

ONS HET NET WAARNA U SOEK

**KOM OORTUIG USELF**
**Posbus 20060**
**POTCHEFSTROOM**
**Tomstraat 84** **Tel. 6660**

**SPESIALE STUDENTEPRYSE**

**MAISON HAZELETTE**

**OWENSLAAN 4**
**(REGOOR CHECKERS)**

VRA VIR **ANTONIO**

*LAAT 'N KENNER U HARE SNY*

| | |
|---|---|
| *HAARSNY* | ***R 2-50*** |
| *SNY & BLAASDROOG* | ***R 4-50 - R 5-50*** |
| *KARTELLINGS* | ***R10-00 - R12-50*** |
| *„HIGHLIGHT"* | ***R 8-00 - R11-00*** |

BESTELLINGS: **TEL. 5570**
MANS OOK WELKOM

SAFARI SPORT

**SPORT**

**WAPENS**

**AMMUNISIE:**

Isotoniese **GAME** koeldrank

nou teen **KOSPRYS** slegs vir

studente **65c vir 4 liter ! ! !**

**Santam Arkade** **Tel: 3361**
**3361**

# PUK REG VIR INTERVARSITY

**Die Puk se rugby is besig om van krag tot krag te gaan. Die hele seisoen het die Puk se eerste span nog net een wedstryd verloor.**

Die afgelope vakansie het hulle 'n suksesvolle toer onderneem.

Die uitslae op die toer was as volg: Puk wen die volgende wedstryde:

6/7/77: Gekombineerde Ladysmith klubs wen - 34-20

9/7/77: Noord Natal Noord Subunies wen - 28-18

11/7/77: Newcastlese klubs wen - 58-6

13/7/77: Sentraal (Glenco en Dundee) wen - 19-9

14/7/77: Universiteit van Natal wen - 27-17

Die slot André Markgraaff het op die toer nie minder as 50 punte aangeteken nie. As in ag geneem word dat hy relatief jonk is vir 'n slot, (21) moet hy as fonds van die seisoen beskou word.

Tydens die vakansie het Flippie Venter, wakker skrumskakel van die Puk, aan die Springbok proewe op Pretoria deelgeneem, en homself goed gekwyt van sy taak.

Terug op die plaas na die vakansie is die Puk-spanne besig om voor te berei vir Intervarsity op 20 Augustus. Saterdag 30 Julie het die Puk die bulspan van R.P.M. verslaan met 13-6 en is nou alleen voor in die Neser kompetisie. In hierdie wedstryd is Eric le Roux (wat skitterend gespeel het) en André Markgraaff beseer, en ons kan maar net hoop dat hulle gou sal reg wees.

Op Oliënpark het die Ibbies 31-20 verloor teen Vaal Reefs. Die Ibbies moes van vroeg af met slegs 14 man klaarkom nadat die ongelukkige Daantjie Weits beseer is. 'n Ligpunt in die wedstryd was die verskyning van André Rossouw. Dit lyk asof hy nou weer slaggereed is.

## SPORTKORRELS

### DEUR HANS SAESTAD

**Al die gemor en geklaery is vergeefs. Die Kovsies en die Puk kan kies wie hulle wil, of die persoon nou matriek het of nie.**

Na die puk-dames se landloop boikot verlede jaar, het dinge rooskleurig begin lyk vir geslote Intervarsity. (Dis nou vir Bona fide studente). 'n Ander alternatief was dat slegs onder 24 spelers mag speel. Al hierdie pogings is egter die nek ingeslaan en Intervarsity gaan voort soos in die verlede.

Die leër het egter sy goeie werk vir die Puk gedoen en baie van die Kovsies se sogenaamde student opgeroep. Spelers soos Gysie Pienaar, Barry Wolmarans en Dirk Froneman speel op die oomblik vir die leër en kan dus nie studente wees nie, al maak hulle ook wat.

Aan die Puk se kant lyk dinge meer rooskleurig. Aan dieppte in die rugby is daar geen probleem in sekere posisies nie. Met André Rossouw terug beskik die Puk oor twee losskakels - Willie Smit het in André se afwesigheid goed gespeel en ook vir Wes-Transvaal gespeel. 'n Goeie idee sal wees om hom op senter te speel waar daar so 'n ietwat van 'n leemte is.

Goeie nuus vir die Pukke en Kovsies is dat die hekgeld nie twee Rand sal wees, maar soos in die verlede 'n Rand per persoon.



*Danksy PUK se doelwagter was die eindtelling twee elk. (Foto: Jaco Pretorius)*

# PU-DAMESHOKKIE LEWER GOEIE PRESTASIES

**Die dameshokkiespan van die Pukke het presteer tydens die SAU-toernooi te Potchefstroom gedurende die Julievakansie.**

Die PUKdames het 'n groot verbetering getoon danksy hulle suksesvolle toer in April na Oos-Londen. Gedugte teenstanders soos Natal en Rhodes het maar 'n opdraende stryd teen die PUKKE gevoer. In die verlede het hulle groot tellings teen die PUKKE aangeteken.

Die uitslae was soos volg:

PUKKE vs Natal - 2-2
PUKKE vs Rhodes - 1-1
PUKKE vs UPE - 0-0
PUKKE vs TUKKIES - 0-
PUKKE vs RAU - 2-2
PUKKE vs IKEYS - 0-3

Die grootste prestasie tydens die toernooi was toe die span van Wes-Tvl. met 6 PUKspeelsters die SAU-span 3-1 die loef afgesteek het. Die PUKKE wat gespeel het was Isabel Roodt, Lena le Roux, Heila van Deventer, Marianne Joubert, Sampat Coetzee en Rinza Burger. Al drie doele is ook deur die PUKKE aangeteken.

## *Sportpersoonlikheid van die week*

# André Markgraaff

**Een van die belowendste jong rugbyspelers in Suid-Afrika is ongetwyfeld André Markgraaff, groot slot van die Puk.**

Op die jong ouderdom van een-en-twintig het André al verskeie bonde verteen-



**André Markgraaff (Foto: Jaco Pretorius)**

woordig. Op skool het hy Griekwas in 1973 en 1974 op die Cravenweek verteenwoordig. Hy het ook die onderskeiding behaal om Griekwaland-Wes op die krieketveld te verteenwoordig. So was hy dan aanvangkolwer op die 1974 Nuffieldweek.

In 1975, gedurende sy Militêre opleiding het hy vir die S.A. Weermag sowel as S.A. magte O/20 span op slot uitgedraf. Hy het ook vir Vrystaat se sterk O/20 span gespeel.

Met die intrapslag op die Puk word hy vir die Wes-Transvaal O/20 span gekies en speel ook Puk I Krieket.

André, wat vanjaar sy tweede jaar H.O.D. student is, het vanjaar al vier wedstryde vir Wes-Transvaal B gespeel en een wedstryd vir Wes-Transvaal A. Hy behoort die res van die seisoen vir Wes-Transvaal te speel. Hierdie jaar het hy ook as skopper ontpop en verskeie lang strafskoppe in punte omskep.

Hierdie eerlike harde speler is besig om sy potensiaal op 'n besondere wyse te ontwikkel. As hy so aanhou word daar probleme voorspel vir die ander slotte. Sterkte André.

# NOG 'N PUK IS SPRINGBOK

**Puk het nog 'n Springbok, by name Saal de Jager bygekry. Hy is gekies om Suid-Afrika in die Springbok-kanospan te verteenwoordig wat Dinsdag alreeds oorsee vertrek het.**

Die span sal in België aan die nasionale kampioenskappe en in Switserland aan die Internasionale kampioenskappe deelneem.

Die items waarin die Bokke gaan roei is snelroei: 1 000m K1, K2 en K4 500m K1, K2 en K4.

Die volledige span is:

**Seniors**

Saal de Jager - Puk
Chris Greeff - Weermag
Bevan Warlock - Natal
Wally Fisher - Pretoria
Tony Scott - Natal
Robby Stewart - Natal
Peter Peacock - Natal.

**Juniors**

Fanus de Wet - W.P.
Shaun Rice - Natal
Marilize Verkerk, - Vaal Unie
Margaret Böhm - Vaal Unie.

Ons wens die span, en besonder vir Saal, sterkte toe.



*Saal de Jager, PUK se nuutste springbok*


ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGDHEDE; BESOEK ONS GERUS

STUDENTE SPORT

Kerkstraat Potchefstroom





**"Ek vaar beter by Nedbank."**

**"Nedbank is my soort bank-doeltreffend, flink en vooruitstrewend."**

"Op 'n dag het ek besluit ek het 'n bank nodig, een wat pas by my manier van doen. Ek het hulle een vir een deurgekyk. En toe kies ek 'n bank wat so Suid-Afrikaans is soos ek. Nedbank.

"Hul 8%-spaarrekening is loshande die beste. Nedbank se tjekboek gee jou beter diens waar jy ook al gaan. En ek kan ook 'n Studentelening kry as ek dit nodig het. Dan's daar die Nedbank Passport-tydskrif, gratis elke maand. En die personeel by Nedbank is my soort mense. Ondernemend, inskiklik en baie bekwaam.

"Wat my betref, kom g'n bank naby Nedbank nie."

NEDBANK
Nedbank Beperk. Geregistreerde Handelsbank
DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS.